



GEDRAGSKODE VIR LEERLINGE

(Sien aangehegte bylaag A vir Erekode)

1. DEFINISIES

In hierdie gedragkode, tensy die konteks anders aandui, beteken:

“opvoeder” enige persoon wat onderwys gee, oplei, of professionele terapie gee, asook ‘n persoon wat bystand bied in die lewering van professionele dienste.

“leerder” ‘n leerder of student wat onderrig of opleiding van ‘n opvoeder, soos hierbo gedefinieer, ontvang.

“ouer”

- die ouer of voog van ‘n leerder.
- die persoon wat regtens toesig oor ‘n leerder geregtig is.
- die persoon wat onderneem om die verpligtinge te vervul van ‘n persoon soos hierbo genoem in paragrawe (a) en (b) betreffende die leerder se skoolonderrig.

2. INLEIDING

Artikel 8 (1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet No.84 van 1996, maak voorsiening dat die Beheerliggaam van ‘n Openbare skool ‘n Gedragkode moet aanvaar na oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool.

Die volgende wette dien as basis vir die riglyne wat in hierdie dokument gestalte vind:

- Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996.
- Provinsiale Onderwyswette.

Alhoewel artikel 5 (3) van die Suid-Afrikaanse Skolewet bepaal dat ‘n leerder nie toelating tot ‘n skool geweier kan word omdat sy of haar ouers “nie die missiestelling van die skool onderskryf”, word dit nogtans in artikel 8 (4) van hierdie Wet duidelik gestel dat: “ Geen bepalinge van hierdie Wet stel ‘n leerder vry van die verpligting om die Gedragkode van die skool, wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie.” Leerders moet verstaan dat daar dissiplinêre stappe geneem sal word indien daar in stryd met die Gedragkode gehandel word. Die Gedragkode moet die gedrag, wat die regte en verpligtinge van die leerders en opvoeders respekteer, voorskryf.

Die filosofie van die dissiplinêre stelsel van die skool is gebaseer op menswaardigheid en op respek en konsiderasie vir andere soos vervat in die Handves van Menseregte in die Grondwet van die Republiek Van Suid-Afrika, Wet No. 108 van 1996. Primêre Skool

Universitas moet toesien dat die regte wat in die Handves van Menseregte geïdentifiseer is, beskerm, bevorder en nagekom word. .

Volgens artikel 8 (2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996, is die doel van die Gedragskode:

“Om ‘n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die leerproses, te vestig.”

Die implikasie hiervan is:

- Positiewe dissipline te bevorder.
- Selfdissipline aan te leer.
- Voorbeeldige gedrag te vestig.

Die Gedragskode spel die rolle en verantwoordelikhede van die verskillende rolspelers in die skepping en instandhouding van ‘n positiewe leeromgewing aan Primêre Skool Universitas, duidelik uit. Die Gedragskode maak duidelik voorsiening van die regte van die individu, maar neem ook die regte van die groep in ag.

Die gedragskode dien as maatreël om sekere meganismes in werking te stel om grense te skep waarbinne die kind veilig kan voel, waar ‘n gesonde leerkultuur onverstoord gevestig kan word en waarbinne die leerkrag se reg om opvoedende onderwys te beoefen, beskerm word.

3. FILOSOFIESE BEGRONDING

Die kind bestaan en lewe as mens tussen ander mense en bevind hom sedert sy eerste lewensdag in ‘n sosiale verband. Die sosiale milieu waarbinne die kind ontwikkel, word gekenmerk deurdat dit aan ‘n bepaalde orde onderworpe is. Die kind as mens wat saam met ander mense lewe, moet leer dat sy handeling nie die ander lede van die groep mag benadeel nie. Die kind word voortdurend op sy weg na volwassenheid, gekonfronteer met die norme van die gemeenskap, iets wat hy onvoorwaardelik moet gehoorsaam.

Dit is ewe noodsaaklik dat die didaktiese situasie vir die kind die geleentheid bied om homself te realiseer. Dit beteken dat die kind die geleentheid gebied moet word om tot selfekspresie te kom. Die kind moet dus binne die eise van die dissiplinêre model van Universitas Primêr die geleentheid kan benut om sy eie verowerings, belewings, waarnemings, ervarings, en andere te kan uitdruk om langs hierdie weg sy verhouding met die werklikheid te verbreed en te verdiep.

4. ETOS

As Beheerliggaam, ouers, personeel en leerders aanvaar ons die volgende;

- Primêre Skool Universitas is gefundeer op Christelike beginsels soos dit gestalte vind in die Oppergesag en Almag van God Drie-Enig.

- Die ouers bly primêr verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders en as sodanig word die ouers as mede-vennote betrek by die dissiplinering van sy/haar kind.
- Die dissiplinebeleid sal in die gees van goedgesindheid, met liefde en ondersteuning, toegepas word.
- Die belange van die skool word bo eie belange en behoeftes gestel.
- Om die hoë standaard van ons skool, as primêr 'n akademiese instelling, met die leerder as middelpunt, verder uit te bou.
- Om hoë akademiese standaarde te handhaaf met die besef dat gesonde dissipline en goeie orde 'n voorvereiste is vir die bevordering en instandhouding van die kwaliteit van die uiteindelijke leerproses.
- Leerders, leerkragte, ouers en die gemeenskap vorm 'n geïntegreerde geheel en daar sal op verskeie wyses gebou word aan positiewe gesindhede en wedersydse respek.

5. PARAMETERS VIR GESONDE DISSIPLINE

Deur die ondertekening van die registrasievorm deur die ouer(s)/voogde wanneer hul kind(ers) by Primêre Skool Universitas ingeskryf word, onderwerp sodanige leerders en hulle ouers hulle aan die Gedragskode en reglemente van die skool. Die toepassing van die dissiplinêre beleid is gebaseer op redelikheid en regverdigheid. Die nie-nakoming van reglemente soos in die Gedragskode vervat, sal noodwendig daartoe lei dat sodanige leerders aan een of ander dissiplinêre aksie onderwerp word. So 'n dissiplinêre aksie moet aan die volgende vereiste voldoen:

Billikheid en regverdigheid.

- Die straf moet die leerder tug, maar moenie fisiese of psigiese skade veroorsaak nie.
- Regverdigheid.
- Strafvorm moet pas by die oortreding.
- Straf soos van toepassing, moet voldoen aan die vereistes soos deur die Suid-Afrikaanse Skolewet voorgeskryf.
- Deursigtigheid.
- Leerders moet deeglik ingelig wees rondom die verwagtinge met betrekking tot aanvaarbare gedrag, asook die gevolge van wangedrag.
- Dissiplinering van die leerder geskied in vennootskap met die ouer as primêre opvoeder.

5.1 Maatreëls ter bevordering van goeie dissipline.

- Die uitoefening van gesonde dissipline moet aan die opvoedingseise van begrip, vertrouwe en gesag voldoen.
- Deugde soos netheid, ordelikheid, stiptelikheid, volharding en eerlikheid moet deurgaans by leerders ingeskerp word.
- Simpatieke teregwysing en berisping.
- Inhoud van Gedragskode moet duidelik by die leerders ingeskerp word.
- Konsekwente optrede van leerkragte in die uitoefening van dissipline.

- Die voorbeeld wat die leerkrag stel moet deurgaans getuig van 'n gedissiplineerde persoon met 'n sterk sin vir verantwoordelikheid, stiptelikheid en ordelikheid.

5.2 Skoolreëls. (Die prosedure en toepassing van ons Dissiplinebeleid word tydens die eerste ouervergadering van die jaar bespreek en goedgekeur.

- Die skool- en ander persone se eiendom mag nie beskadig word nie. Ouers sal vir skade van eiendom verantwoordelik gehou word.
- Geen leerder mag die skoolterrein gedurende skoolure, sonder skriftelike toestemming van ouers en die skoolhoof of adjunkhoof, verlaat nie.
- Geen kind mag buite die skoolterrein vir ouers wag nie en wanneer leerders vir dringende sake afgehaal word, moet die kind by die kantoor uitgeteken word.
- Leerders mag voor skool en gedurende pouse net op geïdentifiseerde areas, wat spesifiek aan grade toegesê is, speel. Parkeerareas en skoollokale is te alle tye buite perke.
- Geen gevaarlike speletjies, -speelgoed en wapens asook pornografiese literatuur, rook of besit van tabakmiddels, alkoholiese- of dwelmmiddels word op die skoolterrein toegelaat nie.
- Bullebaktery, krutaal, bakleiery, viktimisasie, intimidasie of enige antisosiale gedrag word ten strengste verbied.
- Alle leerders wat Pres. Paul Krugerlaan kruis, moet van die voetgangeroorgang gebruik maak.
- Selfoongebruik gedurende skoolaktiwiteite is streng verbode.
- Gehoorsaam die klasreëls. Oortreding van klasreëls sal as minagting van die gedragskode gesien word.
- Met die afneem van toetse of eksamens moet die leerders hulle van enige vorm van oneerlikheid weerhou.
- Opdragte van die Leerderraad moet gehoorsaam word.
- Wees vriendelik en hoflik teenoor almal en respekteer jou opvoeders.
- Die voorgeskrewe skooldrag tydens skoolure en skoolaktiwiteite moet stiptelik nagevolg word.
- Seuns se hare moet kort en netjies wees en gee kleurmiddels en gel mag gebruik word nie. Dogters met langhare se hare moet vasgesteek wees en soos by seuns word geen gel en kleurmiddels toegelaat nie.
- Slegs horlosies en ooringe (meisies). Ooringe beperk tot een goue of silwer knoppie of standaard goue of silwer ringetjie per oor.

6. DISCIPLINE EN DIE VERSKILLENDE ROLSPELERS (Gedragskode vir Opvoeders)

6.1 Gedrag: Die opvoeder en die leerder.

'n Opvoeder-

- respekteer die menswaardigheid, geloofsbeskouinge en grondwetlike regte van leerders wat hul reg tot privaatheid en vertroulikheid insluit;
- erken die uniekheid, individualiteit en spesifieke behoeftes van elke leerder en rig en bemoedig elke leerder om sy of haar volle potensiaal te verwesenlik;
- oefen gesag met deernis uit;
- bevorder geslagsgelykheid en weerhou hom of haar van enige soort seksuele verhouding met, of seksuele teistering (fisiek of andersins) van leerders;
- optrede moet van so 'n aard wees dat dit die respek van leerders afdwing;
- doen alles moontlik om die veiligheid van leerders te verseker;
- misbruik nie die posisie wat hy of sy beklee vir finansiële, politieke of persoonlike gewin nie.

6.2 Gedrag: Die opvoeder en die ouer.

'n Opvoeder, waar gepas, -

- erken die ouers as medevennote in die onderwys en strewe daarna om 'm harmonieuse verhouding met hulle te bevorder;
- beywer hom of haar om ouers deeglik en betyds in te lig oor die welsyn en vordering van die leerder.

6.3 Gedrag: Die opvoeder en die gemeenskap.

'n Opvoeder sal -

- Deurentyd daarna streef om te voldoen aan die redelike verwagtinge van al sy belangegroepes soos dit gerugsteun word deur Christelike waardes en norme, hoë opvoedkundige standaarde te handhaaf en verder uit te bou.

6.4. Sien bylaag A oor Erekode

GOEDGEKEUR DIE DIE BEHEERLIGGAAM:

Datum: 2016-02-13



W Burger
Voorsitter van die Beheerliggaam

NET MY BESTE

Bylaag A

EREKODE VD PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS (TJOKKIES)

LOJALITEIT

Is die sleutel tot die Erekode van Tjokkies

Om lojaal teenoor die skool te wees behels:

- Om Tjokkies se naam met trots te dra en uit te leef.
- Om nederig, eerlik en opreg op te tree in alles wat ons doen.
- Om doelgerig en entoesiasies te werk en deel te neem aan buite kurrikulêre aktiwiteite.
- Om te alle tye net my beste te lewer.

Om lojaal teenoor mekaar te wees behels:

- Om eerlik en gedissiplineerd teenoor mekaar te leef.
- Om mekaar en die skool se eiendom te respekteer.
- Om mekaar te ondersteun en die skool se leuse uit te leef.

Om lojaal teenoor ons Skepper te wees behels:

- Om te glo dat ons tot alles in staat is deur Hom wat ons krag gee.

Ek gaan akkoord met die Erekode van die skool en sal poog om dit na te streef en ten volle uit te leef.

Naam van leerling:

Datum:

.....

NET MY BESTE

Handtekening